No. 24 1957 AUGUSTUS/AUGUST

MERENSKY BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
9 SEP 1957
Klasnommer 05 (68)
Registernommer P 24/'57

# Pretoriana




Kopiereg voorbehou. Copyright reserved.

INHOUD — CONTENTS

1. Staff Reporter, The Pretoria News: Silverton's Historical Landmark.
2. Dr. F. J. du T. Spies: Uit die Briewe van Sir Arnold Theiler, II.
3. Dr. J. Ploeger: Die „Hollands Weekblad Voor Zuid-Afrika."
4. J. A. Lombard: Vrymesselary in die Ou Dae in Pretoria.
5. Dr. J. Ploeger: Eerwaardes Watkins en Kilner Besoek Pretoria.
6. Uit Ons Briewebus: Mev. C. Dyason skrywe oor haar vader, J. A. de Vogel, die Eerste Posmeester-generaal van die S.A. Republiek.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# *Silverton's Historical Landmark*

DAWID ALWYN BOTHA was the first owner of Silverton, and in his day — 100 years ago — Silverton was merely an outspan for the night on the road in and out of Pretoria.

Silverton stands on part of a 19th century farm—Hartebeespoort 308—probably not much more then than a great tract of undeveloped veld, which Dawid Alwyn Botha bought from the South African Republic on March 1, 1858, for ten shillings!

The original owner sold the farm, in two parts, only a few months after buying it, and the following year both parts again changed hands, but in 1875 a German, Hans Heinrich Mundt, bought part of the farm for £1,500 — a big sum in those days — and went on to acquire the rest of the farm in 1878 for another £800.

Still living in Silverton is a daughter-in-law of Mr. H. H. Mundt, Mrs. J. L. Mundt, who is the benevolent guardian of some of Silverton's historical landmarks.

In her garden you will see the flower beds marked out with lumps of blackened processed ore from the silver mine which gave the township its name, and in the front, the withered stump of a tree, a still cherished mulberry planted by the Voortrekkers, probably more than 100 years ago.

The tree died only recently, but because of its past associations Mrs. Mundt still guards it faithfully, as she does the original farmhouse.

The house — a simple thatch dwelling with thick white-washed walls and cool rooms — was occupied by thousands of passing travellers on their way in and out of Pretoria down the years from the earliest days of the Trek . . . and it was still occupied from time to time until a few years ago. Mrs. Mundt thinks it must be almost 120 years old. "I feel sorry for the old house," she said. "I lived there myself many years ago, and I always lived happily in it."

The big willow trees that cast their shade near the old house also date back to Voortrekker times, and Silverton's associations with the Great Trek are immortalised in the township's Voortrekker Park.

Argentia Square is also a link, in name, with the past, referring as it does, to the silver mine.

The name Silverton first came into existence in 1890, when a company was established with the name, "Silverton Estates Company." It bought 552 morgen from Mr. Mundt for £9,000. The company sub-divided part of the purchase into a township and called it "Silverton Township."

— Staff Reporter, "The Pretoria News", 7/3/1953

← *Mrs. Mundt in front of the historical Voortrekker homestead in Silverton, one of the oldest houses in the vicinity of Pretoria.*

*Photo: Piet Duminy, Hercules High School.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# *Uit Die Briewe Van*

# SIR ARNOLD THEILER — II.

(*Vervolg*)

TERWYL Arnold Theiler in die loop van 1893 werksaam was aan die Limfplaas te Johannesburg waar entstof teen pokke vervaardig word, sit hy sy studies en ondersoekinge voort. Hy publiseer in Switserse wetenskaplike blaaie en verkeer in briefwisseling met vakgenote in sy vaderland wat hom aanmoedig. Hy bereken dat as hy genoeg kalwers gehad het en in Pretoria 'n dergelike onderneming vir die vervaardiging van entstof op tou kon gesit het, hy 'n fortuin kon verdien het. „Al die blankes en naturelle moet ingeënt word. Daarvoor is baie limf nodig, veral noudat ongeveer 50,000 kaffers in die Randse myne werk."

Op 28 Oktober skrywe hy aan sy ouers van sy huwelik met Emma Jegge wat sedert Mei in die land was. „Ons is eergister volgens die gebruiklike seremonie getroud." Na 'n ete in die Commercial Hotel het 'n piekniek by die „waterval te Krugersdorp" gevolg, drie uur te perd ver.

Die volgende maand maak hy gewag van die Matabele-oorlog wat in Rhodesië uitgebreek het. „Op die oomblik verkeer ons hier in 'n gespanne toestand. In die Noorde voer die Chartered Co. oorlog teen Lobengula, die opperhoof van die Matabelestam. Die Chartered Co. het met behulp van sy Maxim kanonne 'n paar veldslae gewen. Daar word eersdaags nog 'n geveg verwag en die hoop bestaan dat die oorlog beëindig sal word." Aan sy vader verduidelik hy die aard van sy ondersoekinge omstandig. Veral wil hy voortgaan met sy eksperimente insake perdesiekte.

Dat die ekonomiese toestand van die land teen die einde van 1893 glad nie gunstig was nie blyk uit die feit dat hy iemand wat om inligting gevra het afraai om na Suid-Afrika te kom. „Ek raai niemand aan om te kom nie omdat die ekonomiese toestand te swak is; al die beroepe is vol en baie mense is werkloos."


In die begin van 1894 het die pokke-epidemie opgehou en is die limfplaas opgehef. Nou moes hy weer van voor af as veearts begin, nou in Johannesburg. Hulle woon nou in die stad en moet £11 15s. 0d. per maand aan huishuur betaal. Die lewe is volgens hom in Johannesburg twee maal so duur as in Pretoria. Hy hoop nog op 'n regeringsbetrekking of op heropening van die limfplaas. „Die regering het besluit om 'n landboudepartement te stig, wat ook die betrekking van staatsveearts sal bevat . . . Ek staan baie goed aangeskrewe by die invloedryke boer Erasmus, 'n held uit die Vryheidsoorlog en 'n eienaar van sowat 4,000 stuks vee. Ek was agt dae gelede by hom op Pretoria op sy plaas om 500



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

stuks in te ent teen sponssiekte . . . As hierdie inenting nou met sukses bekroon word, is ek seker van 'n betrekking."

„Johannesburg groei nou wonderbaarlik," lui dit in dieselfde brief van Maart 1894. „In die plek van die sinkhuise word nou pragtige paleise



*Dr. Arnold Theiler (regs) en dr. A. Graf op Onderstepoort.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gebou soos in die groot Switserse stede. Ek stuur 'n uitknipsel uit 'n koerant om julle 'n idee te gee van die produksie van die goudmyne. In 1891 was die produksie van die goudmyne in Februarie 50,079 onse goud. Gedurende dieselfde maand vanjaar 151,870 onse. 'n Ons goud kos ongeveer £3 14s. 4d."

Hy hoop nog steeds op 'n aanstelling deur die regering as staatsveearts van die Artillerie. Hy was 'n kommissie in Pretoria behulpsaam met die opstelling van 'n wetsontwerp teen droes. Dit is later aangeneem en sou op 1 Januarie 1895 in werking tree. Nou is sy hoop op 'n aanstelling nog groter. Dr. Leyds het hom in 'n onderhoud meegedeel dat hy 'n goeie kans het. Op 22 Julie moes hy egter meedeel dat hy as veearts van die tremvervoer in Johannesburg aangestel is. Op 28 Julie moes hy al weer skryf want: „Gister het die ooievaar by ons aangekom. My spruit is 'n sterk seuntjie."

In Oktober 1894 deel hy met trots mee: „Ek is nou 'n genaturaliseerde Transvaler en hoop gevolglik nog sterker op 'n regeringsaanstelling . . . As ek die aanstelling nie kry nie sal dit vir my 'n teleurstelling wees maar ek sal dit oorkom net soos ek talle ander moeilikhede oorkom het. My hoop om in Suid-Afrika iets te bereik sal daardeur nie gedemp word nie, my werklus sal nie daaronder ly nie."

5/11/1894. „Die spoorlyn na Delagoabaai is klaar gebou en die treine ry nou direk na die kus toe, maar die offisiële opening vind eers later plaas. Nou is ons Republiek heeltemal onafhanklik van Engelse invloed. Daar dreig nou egter 'n spoorwegoorlog tussen die Kaapkolonie en die Transvaal." Sy eksperiment met die vee van Erasmus het nie juis geslaag nie; nou gaan hy 'n sterker entstof probeer.

1895 het aangebreek maar die verwagte aanstelling het uitgebly. Intussen word hy deur die regering gebruik om diere teen longsiekte in te ent. Perdesiekte is die jaar gering sodat hy sy ondersoek weer 'n jaar moet uitstel. Hy doen bakteriologiese ondersoek vir Johannesburg se waterleiding en probeer in samewerking met dr. Schultz 'n middel teen difterie te vind. In Junie word hy aangestel as veearts van die „Sanitary Board" van Johannesburg en word ook tydelik veearts vir die Departement van Myne. Origens is sy briewe nog vol besonderhede oor sy navorsing en publikasies. Hy bestel weer toerusting en boeke van Europa.

Teen Junie merk hy op dat die aandelemark na die ineenstorting weer blykbaar tot verhaal gekom het. „Almal het werk en verdien. Daar word groot huise gebou." Op 14 Julie vertel hy van die opening van die Delagoabaai-spoorweg wat die vorige week plaasgevind het met groot feestelikhede in Pretoria.

Intussen het 'n plan by hom ryp geword om op groot skaal met varke en hoenders te gaan boer en die beroep as veearts op te gee, hoewel hy sy ondersoek insake perdesiekte gaan voortsit. In November verhuis hulle na Les Marais by Daspoort, Pretoria, waar hy 'n klein plasie gekoop het en begin inrig het. (Ongeveer waar prof. Avril Malan nou woon.—Red.)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

„Ons het 60 varke gekoop en aangesien ons al die stalle van nuuts af moes bou, het ons die werk self gedoen om die koste te bespaar . . . Die plek is nog nie ontgin nie. Binne 2 jaar sal ek egter 'n mooi plek met blomme en groentetuine aangelê hê."

Belangwekkend is sy opmerkings oor die Jameson-inval wat in die eerste brief van 1896 verskyn. „Julle het seker al deur telegramme verneem dat ons 'n rewolusie belewe. Die beweging is veroorsaak deur groot manne; omdat hulle natuurlik geld het, kry hulle ook mense wat hulle dien. Hulle gebruik ongeveer 800 Chartered troepe. Maar die Boere het hulle opgekyl. Johannesburg sal omsingel word . . . Ek het alle vertroue in die Boere wat as skuts nie hulle gelyke het nie, wat maklik in die saal sit en baie beweeglik is. Hulle het 'n manier van oorlogvoering wat meer suksesvol is."

En in die volgende brief van 2/2/1896: „Daar word gesê dat die rewolusie op 'n end is maar daar is gerugte van meer sameswerings . . . Toe die Chartered troepe oor die grens gekom het, het die ware toedrag van sake gou aan die lig gekom. Die Uitlanders wat nie Engelse is nie, het aan die kant van die Boere gestaan. Johannesburg moes onvoorwaardelik die wapens neerlê. Anders sou die Boere die stad beskiet en bestorm het. Kommandant Cronjé, wie se seun in die geveg van Doornkop deur die lyf geskiet is, het sy eie lewe gewaag om dr. Jameson te beskerm, wat die opgewonde Boere wou doodskiet. Jameson is aan die Engelse regering oorhandig. President Kruger het 'n manifes uitgevaardig waarvolgens hy almal vergewe en almal versoek om saam te werk vir die opbou van Transvaal. Die ekonomiese toestand is nou baie sleg. Die vertroue moet eers weer herstel word . . . "

Kort hierna het iets anders Theiler se aandag volkome in beslag geneem: Runderpes. Die siekte het in die noorde uitgebreek en gedreig om Transvaal binne te val. Op 15 Maart stuur die Transvaalse regering hom na Matabeleland om 'n veesiekte, vermoedelik runderpes, te gaan ondersoek.


Sy volgende brief, van 22 Maart 1896, is uit Bulawayo. „Vat nou die kaart en soek bogenoemde naam of die naam van die kraal van die voormalige koning Lobengula. Dan weet julle waar ek nou woon. Ek onderneem daeliks ekspedisies in die omgewing. Die regering het my hierheen gestuur om vas te stel of 'n siekte onder die vee en wildsbokke wat hier Sambezikoors genoem word, nie tog maar die ou Runderpes is nie. Die regering is bang, en tereg ook, dat hierdie plaag na die Republiek kan versprei . . .

„Ek het die reis hierheen per koets onderneem en was 5 dae op pad. Ek het gereis teen 'n spoed van 6 m.p.u. en van 14 tot 18 uur per dag en nag. Die pad het vir dae aaneen deur bosse en dorre streke gegaan waar die leeus nog regeer en die hyena sy naglied sing. Bulawayo is geheel en al 'n mynkamp maar as 'n toekomstige stad is dit mooi uitgelê . . . .

„Ek sal . . . miskien nog baie met hierdie siekte te doen kry . . . Vir Suid-Afrika hou dit 'n slegte toekoms in. Dit vind plaas in die jaar van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services





Digitised by the University of Pretoria, Library Services